



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

NOVEMBER 2008

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2008 gebaseer is, wat soos volg is:
 - VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG IN DIE VORMING VAN DIE WÊRELD SOOS DIT IN DIE 1960's WAS?
 - USSR/VSA – skep van belangefere
 - VRAAG 2: HOE IS UHURU IN AFRIKA IN DIE 1960's EN 1970's VERWERKLIK?
 - VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
 - Fokus 1960's: Burgerregtebeweging in die VSA
 - VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
 - Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika
2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag toegeken word en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag.
3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.
5. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE MUUR DIE KOUE-OORLOG-SPANNING IN EUROPA VERHOOG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D om die volgende vrae te beantwoord.

- 1.1 Verwys na Bron 1A.
- 1.1.1 Wat was die TWEE redes vir die swak ekonomiese toestand in Oos-Duitsland, volgens Wheeler? (2 x 1) (2)
- 1.1.2 Vir wie hou Wheeler verantwoordelik vir die toestande in Oos-Berlyn? (1 x 1) (1)
- 1.1.3 Lewer kommentaar daarop of mense geregverdig was om Oos-Berlyn te verlaat. (1 x 3) (3)
- 1.1.4 Verduidelik tot watter mate propoganda die motief was vir Wheeler se beskrywing van die verskil in die vlakke van voorspoed tussen Oos- en Wes-Berlyn. (1 x 3) (3)
- 1.1.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die Koue-Oorlog-spanning in Europa bestudeer. (1 x 2) (2)
- 1.1.6 Vergelyk hoe die rolle van die USSR en die VSA onderskeidelik die lewens van mense in Oos- en Wes-Berlyn beïnvloed het. (2 x 2) (4)
- 1.2 Bestudeer Bron 1B.
- 1.2.1 Wat dink jy was die bedoeling van die fotograaf wat Foto 1 en 2 geneem het? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Verduidelik hoe die geskrewe bewyse in Bron 1A die visuele bewyse in Bron 1B komplementeer (ondersteun). (2 x 2) (4)
- 1.3 Verwys na Bron 1C.
- 1.3.1 Hoeveel mense het in 1953 na Wes-Berlyn oorgeloop? (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Gebruik die data uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik of dit vir Khrushev geregverdig was om die Berlynse Muur te bou. (2 x 2) (4)
- 1.3.3 Hoe betroubaar dink jy is hierdie statistieke vir 'n historikus wat die aantal ontvlugtings van Oos-Berlyn na Wes-Berlyn bestudeer? (1 x 2) (2)
- 1.4 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die statistiese grafiek in Bron 1C ondersteun. (2 x 2) (4)

- 1.5 Raadpleeg Bron 1D.
- 1.5.1 Wat vertel Ursula se daaglikse roetine jou van die lewe in Berlyn voor die oprigting van die Muur? (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Verduidelik die redes vir die mense se reaksie toe hulle gehoor het dat die grens tussen Oos- en Wes-Berlyn gesluit is. (1 x 3) (3)
- 1.5.3 Waarom dink jy was die mense vasbeslote om van Oos-Berlyn na Wes-Berlyn oor te loop, ondanks die risiko dat hulle doodgemaak kon word? (1 x 2) (2)
- 1.6 Gebruik al die bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) te skryf om uit te lig hoe die oprigting van die Berlynse Muur die menseregte van Duitsers geskend het. (6)
- 1.7 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.7.1 OF 1.7.2.
- 1.7.1 Bespreek hoe die verdeling van Berlyn die spanning van die Koue Oorlog in Europa verhoog het. (30)
- OF**
- 1.7.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en verduidelik hoe die Berlynmuur die lewens van gewone mense beïnvloed het. (30)
- [75]**

VRAAG 2: HOE IS PATRICE LUMUMBA SE BEWIND IN DIE STRYD OM UHURU (VRYHEID) IN DIE KONGO ONDERMYN?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

- 2.1 Verwys na Bron 2A.
- 2.1.1 Wat, volgens hierdie bron, het Lumumba se lot beklink? (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Verduidelik die term *neo-koloniale staat* in jou eie woorde. 1 x 2) (2)
- 2.1.3 Waarom is Lumumba as 'n 'struikelblok' deur Westerse belange beskou? (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Hoe dink jy is die onafhanklikheid van die Kongo deur België en die VSA ondermyn? (2 x 2) (4)
- 2.1.5 Hoe het Brussel en Washington op die nuus van Lumumba se dood reageer? (1 x 2) (2)
- 2.2 Gebruik Bron 2B.
- 2.2.1 Watter boodskap wil die spotprentkunstenaar oordra oor die rol van die VN in die krisis in die Kongo? (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis en verduidelik die akkuraatheid van die spotprent in die uitbeelding van Lumumba se arrestasie. (2 x 2) (4)
- 2.3 Vergelyk Bron 2A en 2B. Hoe ondersteun die inligting in Bron 2A die bewyse wat in Bron 2B uitgebeeld word? (2 x 2) (4)
- 2.4 Bestudeer Bron 2C.
- 2.4.1 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis en verduidelik of daar regverdiging was vir die verwysing na Lumumba as 'n 'Afrika Fidel Castro'. (1 x 3) (3)
- 2.4.2 Verduidelik hoe die VSA se posisie deur die moord op Lumumba in gevaar gestel is. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Waarom dink jy het Devlin nie die opdragte van sy hoofde uitgevoer nie? (1 x 2) (2)
- 2.5 Vergelyk Bron 2A en 2C. Wat is die ooreenkomste tussen hierdie twee bronne met betrekking tot die gebeure wat tot Lumumba se dood gelei het? (2 x 1) (2)

2.6 Gebruik Bron 2D.

- 2.6.1 In sy laaste brief aan sy vrou was Lumumba se passievolle visie vir sy land steeds duidelik. Gebruik inligting uit hierdie bron om Lumumba se visie te verduidelik. (1 x 2) (2)
- 2.6.2 Wat sê die brief vir jou van Lumumba se karakter? (1 x 2) (2)
- 2.6.3 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie brief vir 'n historikus wat die gebeure wat tot Lumumba se dood gelei het, bestudeer. (2 x 2) (4)

2.7 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik waarom die toekenning van onafhanklikheid aan Afrika-kolonies in die 1960's en 1970's hulle nie totaal vrygemaak het nie. (6)

2.8 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.8.1 OF 2.8.2.

2.8.1 Verduidelik hoe Lumumba se bewind in die stryd om uhuru (vryheid) in die Kongo ondermyn is. (30)

OF

2.8.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir jou plaaslike koerant waarin jy op die volgende stelling reageer:

Die opkoms van Lumumba as 'n leier van 'n onafhanklike Kongo is as 'n ernstige bedreiging deur Westerse magte gesien.

(30)
[75]

**VRAAG 3: HOE HET MARTIN LUTHER KING JR. DIE
BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN
AMERIKA (VSA) BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bron 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Wat was die omstandighede wat tot die opmars na Washington gelei het? (1 x 2) (2)
- 3.1.2 Verduidelik wat die woorde 'Dit was die grootste byeenkoms van swart en wit' vir jou van hierdie opmars sê. (2 x 2) (4)
- 3.1.3 Hoe het Martin Luther King jr. op die byeenkoms by die Lincoln Gedenkteken reageer? (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Nadat jy die visuele bron (foto) bestudeer het, verduidelik wat jy oor die massa mense by die Lincoln Gedenkteken kan aflei. (1 x 3) (3)
- 3.1.5 Verduidelik watter een van die twee bronne (geskrewe of visueel) meer toepaslik is vir 'n historikus wat die Burgerregtebeweging navors. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

- 3.2.1 Verduidelik waarom, ten spyte van die beginsels van die Grondwet en die Onafhanklikheidsverklaring, die Afro-Amerikaanse gemeenskap gevoel het dat hulle as burgers van die VSA beroof is. (1 x 3) (3)
- 3.2.2 Wat sê die woorde 'om fisieke mag met geestelike mag teen te staan' vir jou oor King se filosofie? (1 x 3) (3)
- 3.2.3 Wat dink jy was King se bedoeling toe hy sy 'Ek het 'n droom'-toespraak gelewer het? (2 x 2) (4)
- 3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom, volgens King, swart en wit dieselfde lot moes deel. (1 x 2) (2)
- 3.2.5 Nadat jy deur die bron geles het, verduidelik kortliks hoe die volgende op King se toespraak sou reageer:
- (a) Afro-Amerikaners
- (b) Regsgesinde Amerikaners (2 x 2) (4)

- 3.3 Raadpleeg Bron 3C.
- 3.3.1 Wat het die Amerikaanse regering gemotiveer om die Burgerregte-wet van 1964 aan te neem? (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Verduidelik waarom dit nodig geword het om die Burgerregte-wet van 1964 aan te neem. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Watter belangrike gevolgtrekkings kan jy uit die foto maak? (2 x 1) (2)
- 3.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om die betekenisvolheid van die Burgerregtebeweging te verduidelik. (6)
- 3.5 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.5.1 OF 3.5.2.
- 3.5.1 Martin Luther King jr. het sy 'Ek het 'n droom'-toespraak met die volgende woorde beëindig: 'Uiteindelik vry! Uiteindelik vry! Dank die Almagtige God, ons is uiteindelik vry!'
- Bespreek hierdie stelling deur na die rol en invloed van Martin Luther King jr. in die Burgerregtebeweging te verwys. (30)
- OF**
- 3.5.2 Deur die inligting in al die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n opstel waarin jy verduidelik waarom die Burgerregte-opmars na die Lincoln Gedenkteken in 1963 nodig was vir die bevryding van alle Amerikaners. (30)
- [75]**

VRAAG 4: WAAROM IS STEVE BIKO EN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING DEUR DIE APARTHEIDSREGIME AS BEDREIGINGS BESKOU?

Bestudeer Bron 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord.

- 4.1 Verwys na Bron 4A.
- 4.1.1 Volgens Koka in Standpunt 1, wat was die fundamentele beginsels van Swartbewussyn? (2 x 1) (2)
- 4.1.2 Waarom dink jy het Koka dit as belangrik beskou vir swart Suid-Afrikaners om selfstandig te word? (Standpunt 1) (2 x 1) (2)
- 4.1.3 Hoe het Pakendorf, in Standpunt 2, Swartbewussyn beskou? (1 x 2) (2)
- 4.1.4 Nadat jy Standpunt 1 en 2 gelees het, verduidelik die ooreenkomste en verskille tussen hierdie standpunte. (2 x 2) (4)
- 4.2 Gebruik Bron 4B.
- 4.2.1 Volgens die inligting wat deur majoor Snyman in Perspektief 1 gegee word, wat was die redes vir Biko se arrestasie en aanhouding? (2 x 1) (2)
- 4.2.2 Verduidelik tot watter mate die verslag oor die beserings wat deur Biko opgedoen is, korrek was. (Perspektief 1) (2 x 2) (4)
- 4.2.3 Gebruik die inligting uit beide perspektiewe en jou eie kennis en sê waarom jy dink die veiligheidsbeamptes in 1997 oor die moord op Steve Biko gebieg het. (2 x 2) (4)
- 4.2.4 Verduidelik die redes vir die twee verskillende perspektiewe oor die dood van Steve Biko. (2 x 2) (4)
- 4.2.5 As 'n historikus wat die geskiedenis van Biko bestudeer, verduidelik watter een van die twee perspektiewe jy as die oortuigendste beskou. (1 x 3) (3)
- 4.3 Raadpleeg Bron 4C.
- 4.3.1 Watter verduideliking het Kruger by die Transvaalse Kongres van die Nasionale Party vir die dood van Biko gegee? (Geskrewe Bron) (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik of Kruger 'n akkurate weergawe van die gebeure wat tot Biko se dood gelei het, verskaf het. (Geskrewe Bron) (2 x 2) (4)
- 4.3.3 Wat sê die woorde 'Hy laat my koud' vir jou oor Kruger se houding teenoor Biko? (Geskrewe Bron) (1 x 2) (2)
- 4.3.4 (a) Watter gebeurtenis het daartoe gelei dat Berry hierdie besondere spotprent geteken het? (1 x 2) (2)
- (b) Waarom dink jy word Kruger in daardie houding, met sy mond geseël, voorgestel? (1 x 2) (2)

4.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik hoe Biko se menseregte deur die apartheidsregime se agente geskend is. (6)

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.5.1 OF 4.5.2.

4.5.1 Steve Biko is deur die apartheidsregime as 'n bedreiging beskou. Vir jare is hy daarvan beskuldig dat hy 'n gevaarlike agitator was wat mense beïnvloed het om geweld te gebruik om die staat tot 'n val te bring.

In die lig van bogenoemde stelling, ondersoek hoe Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging die apartheidsregime in die 1970's uitgedaag het. (30)

OF

4.5.2 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir jou plaaslike koerant oor Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika se vryheidstryd. (30)
[75]

TOTAAL: 150